Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

18 Maart 2018

Eredienste:

08h30: Ds Thinus Britz (Joh 14) – Doop
10h00: Ds Thinus Britz (JOh 14) *Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.*
18h00: Ds Marietjie Steyn (JOh 15:9-17) – *Serendipity* *Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.*

DEURKOLLEKTE: Jan Kriel Instituut – 25 Mrt 2018
PREDIKANTE AFDAG: ds. Thinus en ds. Elmarie – Maandag ds. Marietjie - Vrydag

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus 'n lidmaatskapvorm (in die voorportaal)
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp* **Selgroepe:** Marietjie Steyn 083 461 1220
Predikate eposse: Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

"HEILDRONK OP DIE LEWE" SEMINAAR 13-14 April

Dr. Danie du Toit (wat ons 'n paar jaar gelede tydens Pinkster leer ken het) gaan 'n seminaar aanbied "Heildronk op die lewe" wat gebaseer is op Filippense.
Vrydag skop af met 'n ligte ete & wyn om 18:00 en dan 'n inleiding van die kursus deur dr Danie.
Saterdagoggend begin met lekker koffie & beskuit om 08:00.
Koste is R200pp (verversings ingesluit). Navrae: Elana Wessels 084 454 1540 of ds Thinus 082 603 5508.

DOOP

Johan en Lindi Koekemoer doop hul baba, Luan (gebore 16 Sept 2017). Baie geluk!

KATEGETE

Ons is nog opsoek na aflos kategete vir Junior Jeug. So as jy dalk nou en dan wil help om 'n Junior Jeug klassie aan te bied, kontak asb vir ds Marietjie.

GESIGGIES / JUNIOR JEUG

Dis weer hierdie tyd van die jaar! Ons samel allerhande smere in vir ons Gesiggie projek. Bring asb 'n botteltjie of blikkie Grondboontjie-botter, Fyn konfyt, Geblikte vis, Boeliebief, Nutella, Tamatiesous, Mayonaise, Milo/Warm sjokolade, Langlewe melk en eiers. Navrae: Carina Howard 082 926 6428

JUNIOR JEUG KAMP 23 – 25 MAART 2018

Alle gr 1-6e, kom kamp saam by Noordhoek! Ons het kampvorms vir almal ge-epos. As jy nie 'n vorm gekry het nie, kan jy een in die voorportaal of by jou kind se kategeet kry.

Navrae:
ds Marietjie
083 461 1220.

TEESKINKERS

Ons maak gebruik van vrywilligers om te help by gedenkdienste om tee te skink. Ons wil graag vra dat as jy bedags beskikbaar is en graag wil help, kontak asb die kerkkantoor by 021 554 1290.

KOSPAKKIES

Kospakkies word op 'n weeklikse basis aan behoeftige mense uitgedeel. Gedurende die wintermaande is die nood altyd groter, aangesien mense siek word, en om die honger te stil maak dit die situasie draagliker.

Inhoud:
2,5kg mieliemeel;
3 blikkies gemengde groente of sousbone;
3 pakkies soja (soy mince);
1 sakkie droë bone;
4 pakkies soppoeier

Navrae: Annemarie Grundling
082 818 6991

PAASSANGDIENS

Ons Paassangdiens is op Sondag 25 Maart 2018 tydens die 10:00 diens.

"…en skielik was dit net ek en Hy."

Kom neem deel aan 'n musiekbelewenis ter voorbereiding vir Paasfees.

MAAK ASB KOS: ECHO ETES

Elke tweede Donderdag eet die Echo gemeenskappe van Table View en Durbanville saam by die Table View Echo-huis. Ons is op soek na vrywilligers wat bereid sal wees om vir 15 mense kos te maak en af te lewer by die huis in Table View. Daar eet seker so 30 mense saam, maar hoe meer vrywilligers ons het, hoe minder hoef julle kos te maak. Ons sou julle ook finansieel kon vergoed indien nodig. As jy vrae het of wil help, kontak asb. vir Marietjie by 083 461 1220 of marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
25/03/2018	T	T	E	Paassangdiens 10:00; Deurkollekte:Jan Kriel Instituut; Jnr Kamp
30/03/2018	E	E	-	Goeie Vrydag Nagmaal 08:30 & 10:00
01/04/2018	T	T	E	Paasfees; Doop 10:00
08/04/2018	M	M	T	
15/04/2018	E	E	M	Jnr Jeug Grootgroep
22/04/2018	T	T	E	Deurkollekte: Midde-Ooste Sending
29/04/2018	M	M	M	

NUWE ECHO HUIS IN YSTERPLAAT

Echo begin binnekort 'n nuwe huis saam met Ysterplaat Gemeenskap kerk. Ons is tans besig om kamers in te rig in die kerksaal. Ons wil graag op hierdie manier 'n verskil maak in die gemeenskap. Ons is op soek na veral beddens en kaste om in die kamers te sit. As jy op enige manier kan help, kontak asb. vir Niel Steyn by 0846881080 of niel@echoyouth.co.za